17. (1) Geen dier mag in die abattoir van die raad geslag word nie tensy die voordoodse ondersoek bedoel in regulasie 1(1) van Deel V van die Staande Regulasies uitgevoer is en die gesondheidsinspekteur 'n magtigende permit uitreik.

(2) Die gesondheidsinspekteur kan na goeddunke sodanige permit weier of terugtrek sonder verskaffing van redes: Met dien verstande dat 'n persoon aan wie 'n permit geweier is of wie se permit teruggetrek is, binne sewe dae na die weiering of terugtrekking daarvan, skriftelik by die raad daarteen kan appelleer.

(3) Die beslissing van die raad is finaal en bindend op die persoon wat aldus appelleer.

Opgaaf en identifikasie van diere wat geslag moet word

8. Elke persoon wat diere in die abattoir van die raad wil laat slag, moet 'n opgaaf van die aantal diere wat geslag gaan word nie later nie as 12h00 die dag voor die beoogde slagting by die superintendent inlewer.

9. (1) Every person who brings an animal into the abattoir of the council shall supply, on entry of such animal in such abattoir, the following particulars in regard to such animal to the superintendent -

(a) the description and quantity;

(b) the description of the mark referred to in subregulation (2);

(c) the name, address and telephone number of the owner;

(d) the name, address and telephone number of the person for whom the carcass, meat or offal of such animal is destined; and

(e) any further particulars that the superintendent may require.

(2) Every animal brought into such abattoir must be marked, over and above any brand, to the satifaction of the superintendent for easy identification of such animal or its carcass.

Placing of animals in kraal and disposal of dangerous animals

10. (1) Every animal brought into the abattoir of the council shall be placed by its owner in a kraal.

(2) An animal shall, subject to the provisions of regulation 15 of Part IV of the Standing Regulations, only be removed from such a kraal for the purpose of being slaughtered.

11. Every bull or other dangerous animal shall be led to and in the slaughter kraal by a rope or chain and be tied with such rope or chain to a place indicated by the superintendent.

Disposal of infected and diseased animals

12. (1) Every person who wants animals to be slaughtered in the abattoir of the council and who suspects or knows that an animal is infected or diseased, shall forthwith inform the superintendent or health inspector thereof.

9. (1) Elke persoon wat 'n dier in die abattoir van die raad inbring, moet wanneer sodanige die sodanige abattoir binnegaan die volgende besonderhede met betrekking tot sodanige dier aan die superintendent verstrek -

(a) die beskrywing en getal;

(b) die beskrywing van die subartikel (2) bedoelde merk;

(c) die naam, adres en telefoonnommer van die eienaar;

(d) die naam, adres en telefoonnommer van die persoon vir wie die karkas, vleis of afval van sodanige dier bestem is; en

(e) enige verdere besonderhede wat die superintendent mag verlang.

(2) Elke dier wat sodanige abattoir ingebring word, moet bo en behalwe enige brandmerk, tot bevrediging van die superintendent gemerk wees vir maklike identifikasie van sodanige dier of sy karkas.

Plasing van diere in kraal en beskikking oor gevaarlike diere

10. (1) Elke dier wat in die abattoir van die raad ingebring word, moet deur die eienaar daarvan in 'n kraal geplaas word.

(2) 'n Dier word, behoudens die bepalings van regulasie 15 van Deel IV van die Staande Regulasies, slegs uit so 'n kraal gehaal vir die doel om geslag te word.

11. Elke bul of ander gevaarlike dier moet aan 'n tou of ketting na en in die slagkraal gelei word en met sodanige tou of ketting op 'n plek deur die superintendent aangedui, vasgemaak word.

Beskikking oor besmette en siek diere

12. (1) Elke persoon wat diere in die abattoir van die raad wil laat slag en wat vermoed of weet dat 'n dier besmet of siek is, moet die superintendent of gesondheidsinspekteur onverwyld daarvan in kennis stel.

(2) The superintendent or health inspector may refuse the entry into or slaughtering in such abattoir of any animal if he knows or suspects that such an animal is infected with any of the diseases mentioned in Schedules 1, 3 and 4 to the Standing Regulations.

(3) The superintendent or health inspector shall take or cause an infected or diseased animal to be taken to the place set aside for the slaughtering of such animals and shall issue or cause to be issued a certificate of condemnation for such an animal.

(4) Such infected or diseased animal shall be slaughtered and removed at the cost of the owner thereof.

(5) The owner of, or the person in whose care an infected or diseased animal is, shall supply without delay when so requested by the superintendent or health inspector, the name and address of the person from whom such animal was acquired.

Slaughtering of animals

13. An animal shall in the municipal area be slaughtered only in an abattoir.

14. An animal shall in the abattoir of the council be slaughtered in the manner prescribed by the Act.

15. (1) An animal shall in the abattoir of the council be slaughtered and dressed only in places specifically demarcated therefor.

(2) The superintendent shall, in order to avoid crowding, delay, inconvenience or loss, determine -

(a) the number of animals that a person may slaughter per day;

(b) the times of such slaughterings;

(c) the sequence and places of such slaughterings and the cleaning of carcasses; and

(d) the time and sequence of removal of carcasses from such abattoir.

(2) Die superintendent of gesondheidsinspekteur kan die binnekoms of slagting van 'n dier in sodanige abattoir weier indien hy weet of vermoed dat sodanige dier besmet is met enige van die siektes genoem in Skedules 1, 3 en 4 by die Staande Regulasies.

(3) Die superintendent of gesondheidsinspekteur moet 'n besmette of siek dier na die plek opsygesit vir die slag van sodanige diere neem of laat neem en 'n afkeuringsertifikaat vir sodanige dier uitreik of laat uitreik.

(4) Sodanige besmette of siek dier word op koste van die eienaar daarvan geslag en verwyder.

(5) Die eienaar van, of die persoon in wie se sorg 'n besmette of siek dier is, moet sonder versuim wanneer die superintendent of gesondheidsinspekteur daarom vra, die naam en adres van die persoon van wie sodanige dier verkry is, verskaf.

Slag van diere

13. 'n Dier word in die munisipale gebied slegs in 'n abattoir geslag.

14. 'n Dier word in die abattoir van die raad geslag op die wyse voorgeskryf in die Wet.

15. (1) 'n Dier word in die abattoir van die raad geslag en bewerk slegs op plekke wat spesifiek daarvoor afgesonder is.

(2) Die superintendent moet, ten einde gedrang, vertraging, ongerief of verlies te voorkom -

(a) die aantal diere wat 'n persoon per dag mag slag;

(b) die tye van sodanige slagtings;

(c) die volgorde en plekke van sodanige slagtings en die skoonmaak van karkasse; en

(d) die tyd en volgorde van verwydering van karkasse uit sodanige abattoir, bepaal.

16. A carcass shall be hung in the abattoir of the council only in a place determined by the superintendent.

17. (1) All weak, injured and young animals shall, subject to the provisions of regulation 7, be slaughtered on arrival in the abattoir of the council.

(2) If the owner of such animal cannot immediately be found, the superintendent or health inspector may arrange for such animal to be slaughtered or the carcass to be removed at the cost of the owner thereof.

(3) For the purposes of subregulation (1) an animal shall be considered a young animal if the superintendent or health inspector note it as such.

18. (1) A tired, weary or nervous animal shall not be slaughtered immediately on arrival in the abattoir, but shall, before being slaughtered, be placed in a kraal until its normal condition is regained by rest.

(2) The decision of the superintendent or health inspector concerning the condition of an animal shall be conclusive.

(3) The superintendent or health inspector shall, subject to the provisions of these regulations and the Standing Regulations, take measures to prevent the unnecesaary suffering of or cruelty to animals.

19. The meat or carcass of an animal slaughtered in the abattoir of the council shall only be removed therefrom if -

(a) it has been kept in refrigeration or freezing for such period as the superintendent or health inspector may determine;

(b) it has been marked in accordance with the provisions of the Act; and

(c) it is covered with clean and proper covering.

Animals slaughtered outside municipal area

20 (1) No one shall import or bring for sale into the municipal area the carcass or any meat of

16. 'n Karkas word in die abattoir van die raad gehang slegs op 'n plek deur die superintendent bepaal.

17. (1) Alle swak, beseerde en jong diere moet, behoudens die bepalings van regulasie 7, by aankoms in die abattoir van die raad geslag word.

(2) Indien die eienaar van sodanige dier nie dadelik gevind kan word nie, kan die superintendent of gesondheidsinspekteur reël dat so 'n dier geslag of die karkas verwyder word op koste van die eienaar daarvan.

(3) Vir die doeleindes van subregulasie (1) word 'n dier as 'n jong dier beskou indien die superintendent of gesondheidsinspekteur dit as sodanig aanmerk.

18. (1) 'n Vermoeide, uitgeputte of senuweeagtige dier word nie dadelik na aankoms in die abattoir van die raad geslag nie, maar moet voordat dit geslag word, in 'n kraal geplaas word totdat sy normale toestand deur rus herwin is.

(2) Die beslissing van die superintendent of gesondheidsinspekteur betreffende die toestand van 'n dier is afdoende.

(3) Die superintendent of gesondheidsinspekteur moet behoudens die bepalings van hierdie regulasies en die Staande Regulasies maatreëls tref om die onnodige lyding van, of wreedheid teenoor diere te voorkom.

19. Die vleis of karkas van 'n dier wat in die abattoir van die raad geslag is, word alleenlik daaruit verwyder indien dit -

(a) vir 'n tydperk soos deur die superintendent of gesondheidsinspekteur bepaal in verkoeling of bevriesing gehou is;

(b) ooreenkomstig die bepalings van die Wet gemerk is; en

(c) met skoon en geskikte bedekking toegemaak is.

Diere buite munisipale gebied geslag

20. (1) Niemand mag die karkas of enige vleis van 'n dier wat buite die munisipale gebied geslag

an animal slaughtered outside the municipal area, unless -

(a) the council has approved the place where such animal was slaughtered; and

(b) (i) in the case of a carcass or portion of a carcass of a bovine, it shall be accompanied by the heart, liver, lungs and mesentery which shall all still be attached to such carcass or portion thereof, and also the head;

(ii) in the case of a carcass or portion of a carcass of a pig, it shall be accompanied by the head, heart, liver, lungs and mesentery which shall all still be attached to such carcass or portion thereof, and also the undamaged intestines; or

(iii) in the case of a carcass or portion of a carcass of a sheep or a goat, it shall be accompanied by the heart, liver and lungs which shall all still be attached to such carcass or portion thereof, and also the undamaged intestines and mesentery.

(2) Such carcass or meat shall be inspected by the health inspector in the abattoir of the council and if he approves of it, he shall mark it with the stamp of the council.

21. (1) No one shall sell or display for sale any meat of any animal slaughtered outside the municipal area, or cause it to be sold or cause it to be displayed for sale, unless -

(a) the council has approved the place where such animal was slaughtered; and

(b) the health inspector has inspected, approved and marked such meat with the stamp of the council.

Disposal of offal

22. (1) All the offal of an animal slaughtered in the abattoir of the council shall, as soon as possible, but not later than 2 hours after such slaughtering, be removed from the slaughtering floor and with such offal shall, subject to the provisions of subregulation (2) and the Standing Regulations, be dealt with according to the instruction of the superintendent.

is, vir verkoop in die munisipale gebied invoer of inbring nie, tensy -

(a) die raad die plek waar sodanige dier geslag is, goedgekeur het; en

(b) (i) in die geval van 'n karkas of deel van 'n karkas van 'n bees, dit vergesel is van die hart, lewer, longe en mesenterium wat alles nog aan sodanige karkas of deel daarvan geheg is, en ook die kop;

(ii) in die geval van 'n karkas of deel van 'n karkas van 'n vark, dit vergesel is van die kop, hart, lewer, longe en mesenterium wat alles nog aan sodanige karkas of deel daarvan geheg is, en ook die onbeskadigde binnegoed; of

(iii) in die geval van 'n karkas of deel van 'n karkas van 'n skaap of 'n bok, dit vergesel is van die hart, lewer en longe wat alles nog aan sodanige karkas of deel daarvan geheg is, en ook die onbeskadigde binnegoed en mesenterium.

(2) Sodanige karkas of vleis moet deur die gesondheidsinspekteur in die abattoir van die raad ondersoek word, en indien hy dit goedkeur, moet hy die stempel van die raad daarop aanbring.

21. (1) Niemand mag enige vleis van 'n dier wat buite die munisipale gebied geslag is, verkoop, vir verkoop uitstal, laat verkoop of vir verkoop laat uitstal nie, tensy -

(a) die raad die plek waar sodanige dier geslag is, goedgekeur het; en

(b) die gesondheidsinspekteur sodanige vleis ondersoek, goedgekeur en met die stempel van die raad gemerk het.

Beskikking oor afval

22. (1) Al die afval van 'n dier wat in die abattoir van die raad geslag is, moet so spoedig moontlik, maar nie later nie as 2 uur na sodanige slagting uit die slagvloer verwyder word en met sodanige afval word, behoudens die bepalings van subregulasie (2) en die Staande Regulasies, volgens opdrag van die superintendent gehandel.

(2) The owner of such animal shall before such animal is slaughtered declare in writing whether he wants the edible offal and if so, whether the offal must be cleaned or not.

(3) If such owner does not want the edible offal or part thereof, he shall renounce in writing the ownership thereof and at such renunciation such offal shall become the property of the council.

(4) No person shall load onto a vehicle or remove from such abattoir any offal which has not been cleaned to the satisfaction of the superintendent.

(5) Offal shall be sold in such abattoir only at the place and times determined by the superintendent.

Disposal of condemned carcasses, meat, viscera and animal products and carcasses and meat which has been confiscated.

23. (1) The health inspector shall give notice to the person for whom the carcass, portion of a carcass, meat or offal of a slaughtered animal is destined, if he intends to condemn such carcass, portion thereof, meat or offal and order the destruction or prohibition of sale thereof.

(2) Such person may request that the carcass, portion thereof, meat or offal concerned be kept for a maximum period of 12 hours from the time of receiving the notice, in order to enable further examination thereof by a veterinary surgeon at the request of such person.

(3) Where a dispute arises concerning the question whether a carcass, a portion thereof, meat or offal must be condemned, such dispute shall be put to the superintendent whose decision shall be final.

24. (1) All blood, manure, unborn animals, inedible and condemned offal, condemned carcasses or portions thereof and condemned organs of animals slaughtered in the abattoir of the council shall become the property of the council, and such blood, manure, unborn animals, inedible and condemned offal, condemned carcasses or

(2) Die eienaar van sodanige dier moet alvorens so 'n dier geslag word, skriftelik verklaar of hy die eetbare afval of 'n gedeelte daarvan wil hê en indien wel, of die afval geskraap moet word of nie.

(3) Indien sodanige eienaar nie die eetbare afval of 'n gedeelte daarvan wil hê nie,moet hy skriftelik van die eiendomsreg daarop afstand doen en by sodanige afstanddoening word sodanige afval onmiddellik die eiendom van die raad.

(4) Geen persoon mag afval wat nie tot bevrediging van die superintendent skoongemaak is, op 'n voertuig laai of uit sodanige abattoir verwyder nie.

(5) Afval word in sodanige abattoir slegs op die plek en tye deur die superintendent bepaal, verkoop.

Beskikking oor afgekeurde karkasse, vleis, ingewande en dierlike produkte en karkasse en vleis waarop beslag gelê is

23. (1) Die gesondheidsinspekteur moet aan die persoon vir wie die karkas, gedeelte van 'n karkas, vleis of afval van 'n geslagte dier bestem is, kennis gee indien hy van voorneme is om sodanige karkas, gedeelte daarvan, vleis of afval af te keur en die vernietiging of verbod van verkoop daarvan te gelas.

(2) Sodanige persoon kan versoek dat die betrokke karkas, gedeelte daarvan, vleis of afval vir 'n maksimum tydperk van 12 uur vanaf die tyd van ontvangs van die kennisgewing bewaar word ten einde verdere ondersoek daarvan deur 'n veearts op versoek van sodanige persoon moontlik te maak.

(3) Waar 'n geskil ontstaan oor die vraag of 'n karkas, 'n gedeelte daarvan, vleis of afval afgekeur moet word, word sodanige geskil aan die superintendent voorgelê wie se beslissing finaal is.

24. (1) Alle bloed, mis, ongebore diere, oneetbare en afgekeurde afval, afgekeurde karkasse of dele daarvan en afgekeurde organe van diere in die abattoir van die raad geslag, word die eiendom van die raad, en met sodanige bloed, mis, ongebore diere, oneetbare en afgekeurde afval, afgekeurde karkasse of dele daarvan en afgekeur-

portions thereof and condemned organs of such slaughtered animal shall, subject to the provisions of subregulation (2), be dealt with according to the provisions of regulation 2 of Part VIII of the Standing Regulations.

(2) No portion of an unborn animal shall for the manufacture of serum be removed from such abattoir, unless the health inspector -

(a) inspects such portion;

(b) approves the containers in which such portion is removed; and

(c) gives written permission for the removal of such portion.

25. (1) A health inspector shall confiscate every carcass or meat of an animal or portion thereof -

(a) which is kept, offered or displayed for sale within the municipal area and which has not been marked with the stamp of the council; or

(b) slaughtered outside the municipal area and which is brought to the abattoir of the council unaccompanied by the organs referred to in regulation 20(1).

(2) Such carcass or meat or portion thereof shall be deemed to be a condemned carcass, meat or portion thereof and such carcass, meat or portion thereof shall be dealt with according to the provisions of regulation 24(1).

26. No compensation shall be paid by the council in respect of any carcass, meat or portion thereof confiscated or condemned or declared unfit for human consumption.

Freezing-room

27. (1) Everyone who leaves a product or an animal slaughtered in the abattoir of the council in the freezing-room, shall receive a receipt therefor from the superintendent.

de organe van sodanige geslagte diere word, behoudens die bepalings van regulasie (2), gehandel ooreenkomstig die bepalings van regulasie 2 van Deel VIII van die Staande Regulasies.

(2) Geen gedeelte van 'n ongebore dier vir die vervaardiging van serum word uit sodanige abattoir verwyder nie, tensy die gesondheidsinspekteur -

(a) sodanige gedeelte inspekteer;

(b) die houers waarin sodanige gedeelte verwyder word, goedkeur; en

(c) skriftelike toestemming tot die verwydering van sodanige gedeelte verleen.

25. (1) 'n Gesondheidsinspekteur moet op elke karkas of vleis van 'n dier of deel daarvan wat -

(a) binne die munisipale gebied vir verkoop gehou, aangebied of uitgestal word en wat nie met die raad se stempel gemerk is nie; of

(b) buite die munisipale gebied geslag is en na die abattoir van die raad vir ondersoek gebring word en wat nie van die in regulasie 20(1) bedoelde organe vergesel is nie,

beslag lê.

(2) Sodanige karkas of vleis of 'n gedeelte daarvan word geag 'n afgekeurde karkas, vleis of gedeelte daarvan te wees en met sodanige karkas, vleis of gedeelte daarvan word gehandel ooreenkomstig die bepalings van regulasie 24(1).

26. Geen vergoeding word deur die raad betaal ten opsigte van enige karkas, vleis of gedeelte daarvan waarop beslag gelê is of wat afgekeur is of wat ongeskik vir menslike gebruik verklaar is nie.

Vrieskamer

27. (1) Elkeen wat 'n produk of 'n dier wat by die abattoir van die raad geslag is in die vrieskamer laat, moet 'n kwitansie daarvoor van die superintendent ontvang.

(2) Such receipt shall be conclusive evidence of the quantity or kind of such product or animal left in the freezing-room.

(3) Such product or animal shall be released from the freezing-room only on production of a valid receipt.

(4) The superintendent shall refuse to allow into the freezing-room any product or slaughtered animal which in his opinion is likely to damage or infect any other product, carcass or meat therein.

(5) If a person who left a product or slaughtered animal in the freezing-room fails to pay on request the prescribed fees, the council may confiscate such product or animal and sell it in order to recover the amount due, without forfeiture of any right of the council to institute any further action to recover any outstanding indebted amounts.

(6) For the purposes of this regulation "product" shall mean any portion of a slaughtered animal including any product derived from such portion through processing.

Equipment, implements, fittings and furniture

28. (1) All equipment, implements, fittings and furniture supplied to the abattoir of the council by the council shall be used with proper care for the purpose for which it is intended and in accordance with the instructions of the superintendent.

(2) No such article may be removed from such abattoir without the explicit permission of the superintendent.

(3) The superintendent may prohibit the use of any equipment, implement, fitting or furniture if it is, in his opinion, not suitable for the purpose for which it is intended, or in a dirty or neglected state.

Regulation of traffic

29. (1) No one may drive any vehicle in the abattoir of the council at a speed in excess of 10 km/h.

(2) Sodanige kwitansie is afdoende bewys van die hoeveelheid of soort van sodanige produk of dier wat in die vrieskamer gelaat is.

(3) Sodanige produk of dier word slegs uit die vrieskamer laat gaan by die vertoon van 'n geldige kwitansie.

(4) Die superintendent moet weier om 'n produk of geslagte dier in die vrieskamer toe te laat wat na sy mening waarskynlik 'n ander produk, karkas of vleis daarin sal beskadig of besmet.

(5) Indien 'n persoon wat 'n produk of geslagte dier in die vrieskamer gelaat het in gebreke bly om die voorgeskrewe fooie op aanvraag te betaal, kan die raad op sodanige produk of dier beslag lê en dit verkoop ten einde die verskuldigde bedrag te verhaal, sonder verbeuring van die raad se reg om 'n verdere aksie in te stel ten einde enige uitstaande verskuldigde bedrae te verhaal.

(6) Vir die doeleindes van hierdie regulasie beteken "produk" enige deel van 'n geslagte dier met inbegrip van enige produk wat deur verwerking van so 'n deel verkry word.

Toerusting, implemente, toebehore en meubels

28. (1) Alle toerusting, implemente, toebehore en meubels deur die raad aan die abattoir van die raad verskaf, moet met behoorlike sorg vir die doel waarvoor dit bestem is en in ooreenstemming met die superintendent se voorskrifte gebruik word.

(2) Geen sodanige artikel mag sonder die uitdruklike toestemming van die superintendent uit sodanige abattoir verwyder word nie.

(3) Die superintendent mag die gebruik van enige toerusting, implemente, toebehore en meubels verbied indien dit na sy oordeel nie geskik is vir die doel waarvoor dit bestem is nie, of in 'n vuil of verwaarloosde toestand is.

Reëling van verkeer

29. (1) Niemand mag 'n voertuig in die abattoir van die raad teen 'n spoed vinniger as 10 km/h ry nie.

(2) Vehicles in such abattoir shall be parked only at places indicated or demarcated by the superintendent.

(3) A vehicle shall stand next to the loading platform only if such vehicle is being loaded or unloaded.

General

30. All taps shall be closed immediately after use.

31. Everyone in the abattoir of the council shall be subject to the security measures applicable therein.

32. Any animal that dies in the abattoir of the council other than by slaughtering, shall in its entirety become the property of the council.

33. No person shall sell or display for sale any live animal in the abattoir of the council.

34. No one may, without due authorization of the council, posses or use a stamp resembling the stamp of the council or, without due authorization of the council, make a mark resembling the mark of the council, or sell, display or keep for sale meat to which a mark has been applied which erroneously might be taken as the mark of the council.

35. These regulations shall be construed as supplementary to and consistent with any other provision of law that may be applicable.

Offences and penalties

36. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of these regulations, or fails to comply with a lawful order of the superintendent or health inspector, shall be guilty of an offence and on conviction be liable to a fine not exceeding R200 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 6 months.

Repeal

37. The Slaughterhouse Regulations promulgated by Government Notice 226 of 1952 and all amendments thereof are hereby repealed.

---

(2) Voertuie word in sodanige abattoir slegs geparkeer op plekke aangedui of afgebaken deur die superintendent.

(3) 'n Voertuig staan slegs langs die laaiplatform indien so 'n voertuig gelaai of afgelaai word.

Algemeen

30. Alle krane onmiddellik na gebruik toegemaak word.

31. Elkeen in die abattoir van die raad is onderworpe aan die sekuriteitsreëling daarin van toepassing.

32. Enige dier wat in die abattoir van die raad vrek, behalwe deur dit te slag, word in geheel die eiendom van die raad.

33. Geen persoon mag enige lewende dier in die abattoir van die raad verkoop of vir verkoop vertoon nie.

34. Niemand mag sonder behoorlike magtiging van die raad 'n stempel besit of gebruik wat na die raad se stempel lyk, of sonder behoorlike magtiging van die raad 'n merk maak wat na die raad se merk lyk, of vleis verkoop of vir verkoop uitstal of hou waarop 'n merk aangebring is wat foutiewelik vir die raad se merk aangesien kan word nie.

35. Hierdie regulasies word uitgelê as aanvullend by en bestaanbaar met enige ander wetsbepalings wat van krag mag wees.

Misdrywe en strawwe

36. Iemand wat 'n bepaling van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen, of versuim om aan 'n wettige bevel van die superintendent of gesondheidsinspekteur te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande.

Herroeping

37. Die Slaghuis-Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 226 van 1952 en alle wysigings daarvan word hierby herroep.

No. 197 1987

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND: CLOSING OF A SECTION OF BAHNHOF STREET

Notice is hereby given in terms of section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Swakopmund proposes to close a section of Bahnhof Street as indicated on plan 71787 which lies for inspection during office hours at the office of the Town Clerk.

Objections to the proposed closing are to be served on the Administrator-General and the Town Clerk within thirty days from the date of publication of this notice.

A G AURET
TOWN CLERK

No. 197 1987

MUNISIPALITEIT SWAKOPMUND: SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN BAHNHOFSTRAAT

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Swakopmund van voorneme is om 'n gedeelte van Bahnhofstraat soos aangedui op plan nr 71787 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê, te sluit.

Besware teen die voorgenome transaksie moet binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur-generaal en die Stadsklerk betaal word.

A G AURET
STADSKLERK

No. 198 1987

THE SOUTH WEST AFRICAN VETERINARY COUNCIL
COUNCIL NOTICE 3 OF 1987
ANNOUNCEMENT OF ELECTED MEMBERS OF COUNCIL

Notice is hereby given in terms of regulation 15 of the Regulations relating to Veterinary and Paraveterinary Professions, promulgated by Government Notice AG. 76 of 17 May 1985, that BIGGS, HARRY CAWOOD of 10 Bacon Street, Academia, Windhoek and HASSEL, RAINER HUBERTUS of 5 Merensky Street, Windhoek, has been elected to serve on the South West African Veterinary Council from 1 August 1987 to 31 July 1990.

S.J. FOURIE
REGISTRAR

No. 198 1987

DIE SUIDWES-AFRIKAANSE VETERINÊRE RAAD
RAADSKENNISGEWING 3 VAN 1987
BEKENDMAKING VAN VERKOSE LEDE VAN RAAD

Kennis geskied hiermee ingevolge regulasie 15 van die Regulasies betreffende Veterinêre en Paraveterinêre Beroepe, afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 76 van 17 Mei 1985, dat BIGGS, HARRY CAWOOD van Baconstraat 10, Academia, Windhoek en HASSEL, RAINER HUBERTUS van Merenskystraat 5, Windhoek, verkies is om te dien op die Suidwes-Afrikaanse Veterinêre Raad vanaf 1 Augustus 1987 tot 31 Julie 1990.

S.J. FOURIE
REGISTRATEUR

CENTRAL REVENUE FUND

STATEMENT OF EXPENDITURE FOR THE PERIOD 1 APRIL 1987 TO 30 JUNE 1987

DEPARTMENT OF FINANCE, WINDHOEK

SENTRALE INKOMSTEFONDS

STAAT VAN UITGAWE VIR DIE TYDPERK 1 APRIL 1987 TOT 30 JUNIE 1987

DEPARTEMENT VAN FINANSIES, WINDHOEK

VOTE	ESTIMATE BEGROTING 1987/88	TOTAL 1 APRIL TO 30 JUNE TOTAAL 1 APRIL TOT 30 JUNIE		BEGROTINGSPOS
		1987/88	1986/87	
	R	R	R	
1. Governmental Affairs	59 044 000	9 209 331	8 613 211	Owerheidsake
2. Finance	128 206 000	24 331 425	22 056 535	Finansies
Statutory Amount	197 564 000	26 167 551	14 361 524	Statutêre Bedrag
3. Civic Affairs and Manpower	114 881 000	12 395 756	19 307 821	Burgersake en Mannekrag
4. National Education	99 268 000	21 959 007	21 384 682	Nasionale Opvoeding
5. Economic Affairs	102 727 000	67 623 438	7 654 296	Ekonomiese Sake
6. Justice	11 998 000	2 830 355	2 529 569	Justisie
Statutory Amount	552 000	142 208	126 790	Statutêre Bedrag
7. Agriculture and Nature Conservation	49 245 000	6 516 126	7 069 230	Landbou en Natuurbewaring
8. National Health and Welfare	79 840 000	18 439 629	18 688 925	Nasionale Gesondheid en Welsyn
9. Water Affairs	76 696 000	16 101 499	14 283 527	Waterwese
10. Central Personnel Institution	8 876 000	1 136 940	1 021 329	Sentrale Personeelinstelling
11. Posts and Telecommunications	74 754 000	16 458 004	11 813 438	Pos- en Telekommunikasiewese
12. Transport	103 219 000	16 171 561	14 970 814	Vervoer
13. Defence	191 974 000	25 857 194	20 920 969	Verdediging
14. Police	136 000 000	17 520 094	14 339 554	Polisie
15. Auditor General	1 410 000	256 639	216 802	Ouditeur-generaal
16. Assistance to Authorities	387 564 000	80 509 606	65 678 453	Bystand aan Owerhede
17. National Intelligence	4 582 000	375 000	-	Nasionale Intelligensie
18. Improvement of Conditions of Service	68 260 000	-	-	Verbetering van Diensvoorwaardes
- Payment by way of grace	-	3 946		Betaling by wyse van grasie
TOTAL	1 896 660 000	364 005 309	265 037 469	TOTAAL

CENTRAL REVENUE FUND

STATEMENT OF REVENUE COLLECTED DURING THE PERIOD 1 APRIL 1987 TO 30 JUNE 1987

DEPARTMENT OF FINANCE, WINDHOEK

SENTRALE INKOMSTEFONDS

STAAT VAN INKOMSTE INGEVORDER GEDURENDE DIE TYDPERK 1 APRIL 1987 TOT 30 JUNIE 1987

DEPARTEMENT VAN FINANSIES, WINDHOEK

HEAD OF REVENUE	ESTIMATE BEGROTING 1987/88	TOTAL 1 APRIL TO 30 JUNE TOTAAL 1 APRIL TOT 30 JUNIE 1987/88	1986/87	INKOMSTEHOOF
	R	R	R	
Revenue from own Sources:				Inkomste uit eie Bronne:
Tax and Duties	600 020 000	70 699 820	65 765 153	Belasting en Regte
Loan Recoveries	20 232 000	2 094 917	836 680	Leningsverhalings
Licences	7 810 000	1 026 107	1 017 785	Lisensies
Fines and Forfeitures	2 300 000	419 305	370 390	Boetes en Verbeurdverklarings
Departmental Revenue	165 840 000	31 882 289	28 058 137	Departementele Inkomste
Customs and Excise	350 000 000	87 300 000	87 300 000	Doeane en Aksyns
TOTAL : REVENUE FROM OWN SOURCES	1 146 202 000	193 422 438	183 348 145	TOTAAL : INKOMSTE UIT EIE BRONNE
Revenue from other Sources:				Inkomste uit ander Bronne:
Contribution by the Government of the Republic of South Africa	308 000 000	135 635 979	101 900 000	Bydrae deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika
Contribution by the Administration for Whites	-	-	7 593 500	Bydrae deur die Administrasie vir Blankes
Loans to be raised	135 020 000	5 040	-	Lenings aangegaan te word
TOTAL : REVENUE FROM OTHER SOURCES ..	443 020 000	135 641 019	109 493 500	TOTAAL : INKOMSTE UIT ANDER BRONNE
TOTAL REVENUE	1 589 222 000	329 063 457	292 841 645	TOTALE INKOMSTE

No. 201 1987

DEBT OF THE CENTRAL REVENUE FUND

SKULD VAN DIE SENTRALE INKOMSTE-FONDS

STATEMENT OF DEBT WHICH WOULD LATER CONSTITUTE A CHARGE TO THE CENTRAL REVENUE FUND

STAAT VAN SKULD WAT LATER 'N LAS TEEN DIE SENTRALE INKOMSTEFONDS SAL UITMAAK

NATURE OF DEBT AARD VAN SKULD	DEBT AT/ SKULD OP 1987-03-31	DEBT AT SKULD OP 1987-06-30
	R	R
Foreign loans - Buitestedelike lenings ...	167 991 958	167 892 027
Stock loans - Effekte lenings	604 484 400	604 484 400
Other loans - Ander lenings	22 400 000	80 900 000
Total - Totaal	794 876 358	853 276 427

Subject to auditing. Onderhewig aan ouditering.

Department of Finance
Departement van Finansies
WINDHOEK

Printed and obtainable from
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika